

HOOFSTUK I

A. DIE ONDERWYSBELEID IN KAAPLAND 1806 - 1839

1. DIE ANGLISASIEBELEID IN DIE SKOOLSTELSEL VAN KAAPLAND

Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan in hoeverre die pogings van die Britse Koloniale administrasie daarin geslaag het om Engels, wat 'n vreemde taal vir die grootste meerderheid van die skoolgaande jeug in Kaapland was, uitsluitlik die medium van die onderwys en die hoofvak van die leerplan te maak. Voorts moet ook die posisie van Hollands teenoor dié van Engels aangetoon word.

(a) Die Anglisasiepogings van 1806 tot 1820

Die Britse bewindhebbers het met die aanbreek van hierdie periode hulle verengelsingsbeleid begin verstewig. Van 1806 tot 1820 het hierdie proses geleidelik geskied, maar met die koms van lord Charles Somerset het dit 'n dras-tiese wending geneem.

Reeds in 1807 al het Goewerneur Grey dit as sy „express desire" uitgespreek dat hoewel daar reeds 'n geruime tyd 'n florerende skool in Keeromstraat 2 onder die heer T.W. Doughty bestaan het, daar 'n geskikte persoon gevind moes word om die Engelse taal te onderrig in die Latynse skool en in die „Young Ladies School".¹⁾

Op 25 April 1808 herhaal die regering, „that the instruction in the English language should be encouraged by the school committee"²⁾. In 1812 sê die sekretaris van sir

John / 2.

1) Rep. of Educ. Comm., 1863, app. v. 24 en 25.

2) Ibid., 38.

John Cradock dat sy Eksellensie van mening is dat Engels 'n bepalende rol moet speel by die aanstelling van onderwysers. Daar is selfs 'n addisionele toevoeging van 100 rds. per jaar gemaak vir onderwysers „who possess capability and will undertake to instruct his pupils in the English tongue”.¹⁾ Verder spreek hy die hoop uit dat hulle hartlik sal saamwerk tot die bereiking van hierdie „object of such vital importance to the colony.”²⁾

In 'n brief gedateer 8 Desember 1812 gee Cradock opdrag aan die pasgekose rektor van die Latynse skool in Kaapstad, F.E. Turr, om Engels aan te moedig en dit te propageer. Leerlinge moet onder die besef gebring word dat dit die taal is waarmee hulle in die toekoms die beste opgang sal maak, „the foundation upon which they will in their future life best make their way.”³⁾

(b) Snelle verengelsing van 1820 tot 1839

Die aangewese persoon om hierdie positiewe verengelsingspoging finaal deur te voer, was lord Charles Somerset. Vir hom was 'n verengelsde onderwysstelsel 'n noodgedwonge saak.

Somerset het 'n stelsel van vry Engelse skole ontwerp waarin ingevoerde Skotse skoolmeesters die onderwys aan Hollandssprekende kinders moes gee. Die Taalproklamasie van Somerset (5 Julie 1822) het aan Hollands die genadeslag toegedien. Hierdie stelsel is daarop gemunt om „British-born subjects” te emplojeer. Hierdie proklamasie van Somerset het baie duidelik 'n politieke doel gehad, nl. die

vernietiging /3.

1) Rep. of Educ. Comm., 1863, App. v. 38.

2) Ibid., 38.

3) Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 1806 - 1875, 8.

vernietiging van die Hollandse taal en sodoende die kultuur van die Hollandssprekende Afrikaners. 'n Engelse skoolsisteem sou juis die magtige wapen wees om die nageslag te verengels. Luitenant Collins het in 1809 al aanbeveel: „Import English teachers and the next generation will be Englishmen!“¹⁾

Die koloniste was wel bereid om Engels aan te leer, soos reeds genoem, maar was geensins bereid om hulle eie taal prys te gee nie. Om hierdie rede waarsku J.H. Truter, 'n getroue raadgewer van Somerset, die Goewerneur: „That an apprehension is fast spreading among the public, that their children will not be allowed to receive further instruction in Dutch and that the language is to be totally proscribed“.²⁾

(c) Die voortsetting van die Engelse onderwys in die Kaapse skole: 1839 - 1879

'n Uitvloeisel van die Onderwyswet van 1839 was die sogenaamde Herschel-onderwysstelsel. Hierdie Herschel-onderwysbeleid het 'n groot invloed op die Kaapse onderwysbeleid in die algemeen uitgeoefen. Die Herschelskole was niks anders as 'n voortsetting van die Somersetskole nie. Rose-Innes beweer dan ook tereg in sy Rapport van 1854: „The present system of Education in this Colony had its origin in the establishment, by Government, of Free Schools, in 1822.“³⁾

Vir die eerste maal word die agteruitgang van die onderwys gedurende die jare dertig amptelik aan die uitskakeling van Hollands toegeskryf. In dier voege sê Bell dat die

uitskakeling / 4.

1) Theal: Records of the Cape Colony, V, 264.

2) Dreyer, A.: Boustowwe vir die Gesk. van die Ned. Geref. kerk in S.A., Deel III, 267.

3) Rep. of S.G.E., 1854, 3.

uitskadeling van Hollands nie geslaag was nie: „it was found that some knowledge of the latter (Dutch) was absolutely necessary, and this qualification in a teacher became thenceforth indispensable."1)

Blywende tevredenheid het hierdie nuwe stelsel nie gebring nie en in 1879 moes weer eens 'n kommissie benoem word om die toestand te ondersoek.

2. ONDERWYSBEPALINGE VAN 1806 - 1865 TEN OPSIGTE VAN HOLLANDS EN ENGELS

(a) Onderwysbepalings van 1806 - 1839

Craddock het 'n stelselmatige beleid van verengelsing gevolg. Hy het daarop gewys dat Engels, veral vir die opkomende geslag, van groot nut sal wees: „a perfect knowledge of the English language, as indispensable in the admission to offices."2)

Somerset neem 'n meer drastiese houding in. Die Engelse taal is tot amptelike taal verhef: „I hereby order and direct, by virtue of Power and Authority in me vested, that the English language be exclusively used in all Judicial Acts and Proceedings"3)

Die Hollandse koloniste was geensins daarteen gekant dat hulle kinders Engels leer nie, maar beslis nie ten koste van Hollands nie. Hiervan is die houding van die Sinode van 1824 'n duidelike bewys.4)

(b) Die / 5.

-
- 1) Du Preez van Wyk: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806 - 1915, 63.
2) Theal: Records of the Cape Colony 1793 - 1831, Deel IX, 38 - 39.
3) Ibid., Deel XV, 354.
4) Dreyer, A.: Boustowwe vir die Gesk. van die Ned. Geref. kerk in S.A., Deel III, 267.

(b) Die Onderwyswet van 1839

Die snelle verengelsingspogings van Somerset het dus hoe langer hoe meer reaksie begin uitlok. Om hierdie rede is daar stappe gedoen om die onderwys te verbeter. In 1839 is die nuwe onderwysstelsel in die lewe geroep waaronder sogenaamd ook 'n plek ingeruim sou word vir die Hollandse taal in die goewermentskole, maar dit was meer in soverre die Hollandssprekende kinders die Engelse taal moes leer, „and has met their wishes in this respect by making the Dutch language part of the elementary course of instruction in all schools where it is required.”¹⁾

Dit blyk baie duidelik uit die regeringsmemorandum oor onderwys van Mei 1839, watter vakke in verskillende skole onderrig moet word. Van onderwysers in die primêre skool word verwag dat hulle die kinders 'n grondige kennis van die Engelse taal sal bybring: „This as it regards Dutch pupils, can only be attained by making a well arranged course of oral and written translation from Dutch into English and from English into Dutch an essential part of elementary instruction”, en onmiddellik hierop volg dan die toesegging: „A grammatical knowledge of the Dutch language will be communicated to all pupils who require to join the translation classes.”²⁾

In Oktober 1840 het prof. A.N.E. Changuion van die Athenaeum 'n voorlesing „over de noodzakelijkheid en gepastheid der kennis en voortkweking van de Nederduitsche Taal” in die sosiëteitsaal van die losie „De Goede Hoop” gehou.

Hy het / 6.

1) C.O. 866, Nr. 31, Brief van Innes aan Kol. Sekr.,
ged. 4.4.39.

2) Ibid.

Hy het sterk kritiek uitgespreek teen die onderwysers wat van Skotland ingevoer word ten koste van die studente wat deur die Suid-Afrikaanse Athenaeum opgelei is.

Rose-Innes het in 1840 weer eens bevind dat die goewermentskole in 'n toestand van hopelose verval verkeer. Onderwysers was onbevoeg en derhalwe het hy in 1841 nog vyf onderwysers uit Skotland ingevoer.¹⁾

Skole wat deur partikuliere inisiatief opgerig is, kon 'n geldelike toelae van die regering ontvang as hulle bereid was om aan bepaalde voorwaardes te voldoen. Die belangrikste vereistes was dat hulle moes help met die verspreiding van Engels. Skole wat op die manier tot stand gekom het, „where the Dutch language prevails, English shall also be taught, and that as soon as practicable, it shall be made the language of intercourse between master and pupils at a certain hour each day in connection with some branch of instruction.”²⁾

In 1844 sê Rose-Innes in sy memorandum dat daar op hierdie tydstip 25 regeringskole in die kolonie was, wat deur 1851 leerlinge bygewoon is. Uit later rapporte van Innes blyk dat Hollands uitsluitlik onderrig is met die oog op die „translation classes”, waarin byna altyd nadruk gelê is op die vertaling uit Hollands in Engels. Die taalmoeilikheid op skool het steeds groter afmetings aangeneem.

Ook die „Tot Nut” moes saamgaan met die stroom om nie onder te gaan nie. In „De Zuid-Afrikaan” verskyn in

die / 7.

1) C.O. 888, Nr. 6, Brief van Innes aan Kol. Sekr.
ged. 14.1.1841.

2) (a) „De Zuid-Afrikaan”, 10 Januarie 1848.
(b) Rep. Educ. Comm., 1863, App. V, 84.

die verband die volgende berig: „De Engelsche taal staat er op den voorgrond, terwyl de Nederduitsche, thans zoo onafscheidbaar met gene verbonden op eene grondige en smaakvolle wijze onderwezen wordt.“¹⁾

Die toestand tussen 1854 en 1865 was nog hagliker. In hierdie dae is daar artikels in die Engelse koerante gepubliseer wat diep en seer geslaan het. In 'n artikel van die „Cape Argus“ oor „The language of the Cape“, word o.a. gesê dat Hollands geen status tussen die ander tale het nie. Niemand leer dit nie en hierbenewens is Hollands nie 'n aantreklike taal nie.²⁾

(c) Die Onderwyswet van 1865

Die posisie op die gebied van die taalonderwys het sodanig versleg dat in 1861 'n kommissie deur die regering benoem moes word. Aan die voorsitter, E.B. Watermeyer en sy komitee is die volgende opdrag gegee: „To enquire into the present state of the established schools in the Colony of the Cape of Good Hope“.

John Murray het veral daarop gewys dat 'n leerling wat nie Engels verstaan nie, in 'n swak posisie verkeer. Baie tyd is bestee om 'n mate van verstaanbaarheid tussen onderwyser en leerling te bewerkstellig. „An English teacher ignorant of Dutch, cannot be expected to give proper instruction to Dutch speaking children who know no English.“³⁾

Die kommissie van 1861 het die volgende aanbevelings aan die hand gedoen ten opsigte van die medium van onderrig. Daar is neergelê dat die medium van onderrig in

plaasskole / 8.

1) „De Zuid-Afrikaan“, 16 September 1847.

2) „Cape Argus“, 19 September 1857.

3) Rep. on Public Educ. 1861. App. I., 25.

plaasskole Hollands sou wees in areas deur die regering vasgelê.¹⁾ In die geval van derde-, tweede- en eersteklas-dorpskole was daar geen voorsiening vir Hollands as vak of as voertaal nie. Wat betref tweedeklas-meisieskole is ook nie vir Hollands voorsiening gemaak nie, terwyl in die eersteklas-meisieskole voorsiening vir die onderrig van die Engelse taal en stelwerk gemaak is.

Rose-Innes wou graag sien dat voldoende voorsiening vir die onderrig van Hollands gemaak word in areas waar dit nodig was. Die kommissie het dan ook sodanige amendement aangeneem, nl. dat daar voorsiening vir Hollandse onderrig gemaak moet word. Daar is egter ook geen resoluëie wat dit verbied nie, veral in areas waar die instansies dit nodig ag om Hollands te onderrig.²⁾

Die aanbevelings van die onderwyskommissie van 1861 is vervat in die onderwyswet van 1865 waaroor dr. P.S. du Toit hom soos volg uitlaat: „Die wet was nie juis simpatiek teenoor die gevoelens van die Hollandssprekende deel van die bevolking nie. Nadat die kommissie self nie veel aandag aan hulle begeertes gegee het nie, het die wet as een van die voorwaardes vir 'n toelaag bepaal dat die onderwys-medium in alle eerste- en tweedeklas-skole Engels moes wees en dat in die derdeklaas-skole onderwys tydens die skoolure sover prakties moontlik deur medium van Engels gegee moet word binne twaalf maande vanaf die stigting.“³⁾

Die regering het egter bloot op die aanbevelings van die kommissie gehandel en waar die kommissie so min simpatie vir / 9.

1) Rep. on Public Educ., 1861. App. I., 25.

2) Du Toit: Onderwys in Kaapland, 96.

3) Ibid., 96.

patie vir Hollands getoon het, het die regering hom nie genoodsaak gevoel om van sy eenmaal ingeslane pad af te wyk nie."¹⁾

3. DIE POSISIE VAN HOLLANDS EN ENGELS VAN 1865 TOT 1879

(a) Die onderrig van Hollands in 'n dalende lyn

Die toestand het naamlik so buitensporig geword dat prof. Gill van die Graaff-Reinetse Kollege in Desember 1867 die praat van Hollands in die openbaar afgekeur het. Die jong Jan Hofmeyr, destyds redakteur van „Die Volksvriend“, het hom kwaai tereg gewys: „Wat wil de heer Gill nu eigentlich? Toch niet dat de Graaff-Reinetse jeugd volstrekt geen Hollands meer zal spreken? Zo ja, dan vrezen wij dat zijn verzoek om ondersteuning zal zijn als de stem eens roepende in de woestijn.“²⁾

Inspekteur Ely sê dat die treffendste aspek juis dit is dat die Engelse taal soveel veld wen op die platteland waar 'n mens dit meer in die groter kusstede sou verwag, „but one is hardly prepared to find the language so widely spoken as it is in the more inland districts.“³⁾

„De Zuid-Afrikaan“ asook ander Hollandse koerante het geprobeer om die belange van Hollands te beskerm. Die agteruitgang van Hollands is ook gesien as 'n vooropgesette plan van die regering om die Engelse taal te bevorder, „op het gevaar af dat velen der Hollandsche sprekende kolonisten in de duisternis der onwetenschap gehouden worden.“⁴⁾

(b) Privaatskole / ... 10.

1) Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 136.

2) Hofmeyr: Het leven van J.H. Hofmeyr, 86 - 87.

3) Rep. of S.G.E., 1876, 45.

4) Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 176.

(b) Privaatskole geniet baie aandag

Die gedwonge onderwys in Engels in streke waar die taal feitlik onbekend is, is dus heeltemal vrugteloos. So wys ds. A.G.M. Kuijs van George daarop dat daar in die buitedistrikte baie klein privaatskooltjies opgerig is wat geen ondersteuning van die regering ontvang nie en waarin alleen Hollands onderwys is. In hierdie afgeleë streke, sê ds. Kuijs, word die behoefte aan die kennis van die Engelse taal nie algemeen gevoel nie.

Die algemene gevoel was dat die taalbepaling vir die skole van die derdeklas gewysig moes word. Hierdie mening het ds. Kuijs ook onderskryf. Hy gaan verder en sê dat sodanige verandering die opvoeding sal aanmoedig en „zelfs de invoering der Engelse taal bevorderen zal.”¹⁾

B. DIE LEERPLAN EN METODE VAN HOLLANDS EN ENGELS IN DIE ANGLISERINGSPERIODE 1806 - 1865

1. DIE LEERPLAN VAN HOLLANDS VAN 1806 TOT 1865

Inleiding

Die gegewens in verband met leerplanne vir Hollands in sowel die primêre as die sekondêre afdelings van hierdie periode is uiters skraal. In die meeste gevalle word slegs melding gemaak van die feit dat Hollands wel onderrig word, maar van 'n voorgeskrewe leerplan was daar op hierdie stadium geen sprake nie.

(a) Die leerplan van Hollands 1806 - 1839

Daar word van die volgende afdelings van die werk melding gemaak :

(i) Vertalingsoefeninge/
..... 11.

1) Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 184.

(i) Vertalingsoefeninge

In die buitedistrikte is van vertaalklasse gebruik gemaak nie om Hollands te leer nie, maar om Engels beter te verstaan. Dit is ook bekend dat Rose-Innes op Uitenhage van Hollands gebruik gemaak het nie net vir vertaaldoeleindes nie, maar as medium en dat hy dit selfs as vak onderwys het.¹⁾

(ii) Leeswerk

In Robertson se skool is Hollands ook onderrig en uit sy rapport vir die kwartaal Februarie - April 1826 blyk dit dat vyf pryse aan sy leerlinge vir lees toegeken is.²⁾

(iii) Grammatikaonderrig

Op Somerset (Hottentots-Holland) het Thompson Hollands naas Engels onderrig, terwyl daar in die rapporte oor die skole op Caledon en Stellenbosch soms melding van Hollandse grammatika gemaak is.

In die „Zuid-Afrikaansch Athenaeum“³⁾ is deeglike onderrig in Hollands gegee, maar besonderhede aangaande hierdie leerplan ontbreek ongelukkig.

(b) Die leerplan van Hollands 1839 - 1865

Rose-Innes het dit as sy doel gestel om die leerplanne nader te omskryf. Wat Hollands betref, is daar nie veel meer genoem as vertalingsoefeninge, leeswerk en 'n weinig grammatika nie.

(i) Vertalingsoefeninge

Behalwe die aandag wat aan lees en skryf gegee is,
het / 12.

1) C.O. 2711, Nr. 247 en 244.
2) C.O. 2678, Nr. 52.
3) C.O. 2687, Nr. 98 en 130.

het vertaling weer eens 'n belangrike rol gespeel. Vertalings het van Engels in Hollands en omgekeerd geskied en het 'n wesenlike deel van die laer onderwys uitgemaak.¹⁾

(ii) Leeswerk

Daar moet op alle plekke waar die Hollandse taal 'n deel van die kursus uitmaak, sekere ure vir korrek lees en skryf afgesonder word.²⁾

(iii) Taalwerk

Met die instelling van die „Board of Public Examiners" het hierdie liggaam 'n voorgeskrewe leergang neergelê vir die Publieke Diens-eksamen wat die naaste aan die matriculasie-eksamen van London gekom het. Ten opsigte van Hollands het dit ten doel gehad 'n grammatikakennis van die taal.³⁾

2. DIE LEERPLAN VAN ENGELS 1806 - 1865

Ook wat die leerplan van Engels betref, is dit nie duidelik aan die onderwysers gestel wat hulle moes doen nie.

(a) Vroegste aanduidings van leerplanne

Die vroegste verwysings na leerplanne wat opgespoor kan word, is dié van die Somersetskole: „Instructions of the English language, writing and arithmetic to the children of the burghers, were sent out to facilitate the acquisition of that language among the burgher inhabitants."⁴⁾

Tussen die eersteklas-regeringskole waarvan daar 16, die tweedeklas-skole waarvan daar 25 en die derdeklas-

elementêre / 13.

1) Rep. of the S.G.E., 1912, App. II, 45.

2) Ibid., 47.

3) By Laws and Rules for 1859, 1860, 1861, 13.

4) Cape of Good Hope, Rep. on Educ. for 1853 and preceding years, 3.

elementêre-skole waarvan 24 in 1853 bestaan het, was daar baie oorvleueling wat die leerplanne betref.

(b) Besonderhede oor bestaande leerplanne

(i) Leeswerk

Meganiese leesoefeninge is afgewissel met mondelinge besprekings van die gelese gedeeltes wat daarop gemunt was om korrekte werkwoordgebruik te bevorder. Die „Chambers Educational Course" is gebruik.¹⁾

(ii) Taalwerk

In verband met taalwerk het die leerplan die volgende ingesluit, nl. die ontleding van woorde, die vasstelling van die stam van 'n woord, voor- en agtervoegsels en hulle woordvormende krag.²⁾

(iii) Spelling en diktee

Daar is aan die leerlinge oefeninge gegee in die spelkuns deur middel van diktee.³⁾

(iv) Vertaalwerk

Vertalingsoefeninge het ook in die leerplan vir Engels 'n prominente plek ingeneem. So berig die S.G.O. in sy rapport oor die skool op Wellington:

„Class I - 7 pupils, rudiments of knowledge, translation, exercises in English grammar."

„Class II - 16 pupils. Nelsons Fourth Book in English, translations (Chanquions Series)" ens. ⁴⁾

3. DIE METODEDES VAN ONDERRIG VAN HOLLANDS 1806 - 1865

(a) Algemeen

Net soos dit die geval was met die leerplanne is
oor / 14.

-
- 1) Cape of Good Hope: Rep. of the S.G.E. 1854 - 1870, XXIII.
2) Ibid., XXIII.
3) Ibid., XXIII.
4) Ibid., XXIII.

oor die metodes van onderrig ook nie baie inligting beskikbaar nie. Die eise wat aan die onderrig van Hollands gestel is, was minimaal. 'n Kennis van Hollands om Engels beter te verstaan, was die hoofsaak. Om hierdie rede is so baie aandag aan vertaalwerk bestee. Die Afrikanerkind het hom in 'n baie netelige posisie bevind. Hy moes naamlik 'n betreklike vreemde taal, Hollands, leer om nog 'n vreemde taal, Engels, te kan leer. Hierteenoor het die Engelssprekende kind moedertaalonderwys ontvang. Hierdie feit het nie alleen aan die Engelssprekende leerling 'n mate van sekuriteit gebied nie, maar het ook aan hom 'n groot voorsprong gegee.

Die metodes van onderrig is ook aansienlik gedomineer deur die feit dat weinig leerboeke beskikbaar was. Die onderwys is verder nog in 'n ontstellende mate deur swak opgeleide onderwysers gekortwiek. Sommige onderwysers soos byvoorbeeld Vittorio da Feltre kon geïnspireerde onderwys sonder enige leerboeke gee, maar „it was a very different matter, the ill-educated South African teacher who really needed the aid of good school books for his own as well as his pupil's education.“¹⁾

(b) Die metodes wat toegepas is in die onderskeie afdelings van die werk

(i) Die metode ten opsigte van vertaalwerk en taalwerk

Hierdie periode kan tereg die tydperk van „translation classes“ genoem word. Daar is sowel mondelinge as skriftelike vertalingsoefeninge gedoen.²⁾

Wat / 15.

1) Mc. Kerron: A History of Educ. in S.A., 144.

2) Prospektus, S.22/193.

Wat die metode by die onderrig van grammatika betref, is dit opvallend hoe baie memoriseerwerk gedoen moes word. Dit is van leerlinge verwag om eers die definisies van die rededele te leer voordat ophelderende voorbeelde gegee is.¹⁾ Hierby moet ook nog gevoeg word dat die werk wat behandel is dikwels veels te moeilik vir die leerlinge was en dat hulle dit dus nie begryp het nie: „De indeling en begripbepaling der grammatika ging seker de bevassing der Zuid-Afrikaansche schooljeugd dier dagen te beven.”²⁾

(ii) Die metode ten opsigte van spelling

Die „Trap der Jeugd” moes dikwels as spel-, lees- en skryfboek dien. Leerlinge moes elke woord klank en leer om dit in lettergrepe op te breek. Hier is dit veral bekend hoe leerlinge geleer is om „jeneverboombladeren” te spel.³⁾

(iii) Die metode ten opsigte van lees

Daar is dikwels van die bestaande geskiedenis- of aardrykskundeboeke vir leeswerk gebruik gemaak. Leeswerk was oor die algemeen baie meganies en selde is die betekenis van gelese gedeeltes aan die leerlinge gegee.⁴⁾

In die buiteland was die hoofdoel van die onderwys die voorbereiding met die oog op die aanneming en by die geleentheid moes 'n kandidaat ook in staat wees om 'n brief te kan skryf.⁵⁾

4. DIE METODES VAN ONDERRIG VAN ENGELS 1806 - 1865

Inleiding

Ook op die gebied van Engelse onderrig was daar
ongerymdhede./ 16.

1) Besselaar: Suid-Afrika in de Letterkunde, 198.

2) Ibid., 224.

3) C.O., 319, Nr. 36.

4) Cape of Good Hope, Rep. of the S.G.E. 1854 - 1870, XXIV.

5) Prospektus, S.22/183.

ongerymdhede. Inspekteur Ross het veral gewys op die teenstrydige, onrealistiese manier waarop Engels onderrig is.

(a) Die metodes van onderrig

(i) Meganiese leesmetodes

Die leesmetodes was sieldodend en bowendien was die leerstof selfs vir Engelssprekende leerlinge te moeilik. Daar is baie min aandag aan mondelinge werk gegee, en die lesse was dikwels nie interessant of prikkelend nie.¹⁾

(ii) Baie memoriseerwerk wat betref taalonderrig

Die taalboeke het moeilike stof bevat wat gewoonlik van buite geleer moes word. Die tradisionele afdelings was: „orthography, etymology, syntax, analysis, prosody, history of the English language and derivation.”²⁾

(iii) Metode ten opsigte van spelonderrig

Spelwoorde was hoofsaaklik bedoel om die leerlinge vas te vra en nie soseer om hulle kennis te toets nie. Drie-lettergrepige woorde soos „stigmatize, succulent, syllogism, suffocate”, ens. het dikwels voorgekom in plaas van om woorde uit die alledaagse lewe te kies.³⁾

Speloefeninge is ook in 'n groot mate oordryf en weinig aandag is aan mondelinge werk bestee.

(iv) Die metode ten opsigte van vertaalwerk

Om te voorsien dat die vertalings stelselmatig en doeltreffend geskied, is daar 'n „First Book of Exercises in Translation” gepubliseer. Wat egter van belang by die metode van onderrig is, is dat die vertaalde gedeeltes dikwels van buite geleer moes word.⁴⁾

C. DIE / 17.

1) Fourie: Syllabus and Textbooks, 96 e.v.

2) Ibid., 96.

3) Ibid., 98.

4) Cape of Good Hope, Rep. of S.G.E., 1856, XXXIII.

C. DIE LEERPLAN EN METODE VAN HOLLANDS
EN ENGELS 1865 - 1879

1. DIE STAND VAN HOLLANDS IN DIE SKOLE

Inleiding

Die posisie van Hollands het geleidelik versleg. Tussen die jare 1806 en 1820 het dit langsaam geskied, maar met die koms van Somerset het dit 'n doelbewuste taak geword om Hollands te verdring. In 1839 het daar 'n skynbare verandering ingetree, maar aan die feitlike toestand van Hollands is nie veel gedoen nie. In die onderwyswet van 1865 is die bestaande toestande net bestendig en kan dit met sekerheid gesê word dat Hollands sy laagwatermerk bereik het.

Wat die leerplanne en metodes van onderrig betref, is aangetoon dat Hollands heeltemal op die agtergrond geskuif is. Van duidelik omlynde leerplanne was daar nie sprake nie en leerlinge is op 'n onpedagogiese manier met memoriseerwerk oorlaai. Daar is geensins gepoog om 'n liefde vir Hollands te kweek nie.

(a) Die posisie van Hollands in die skole

Die Hollandse taal het 'n agterstand gehad om in te haal. Hollands is ook op gelyke voet gestel saam met Frans, Duits en die Bantoetale as opsionele vak.¹⁾ Daar is ook gekla dat die inspekteurs nie by magte was om in Hollands te eksamineer nie. Die S.G.O. verklaar dat vier van hierdie inspekteurs (daar was altesaam agt) bevoeg was om eksamens in Hollands af te neem, terwyl die ander 'n kennis van Hollands gehad het. Tog het die meeste van

hulle, / 18.

1) Vos: Histories-kritiese studie van die leerplan en leerboek, 138.

hulle, ongeag of hulle bevoeg was of nie, getrag om 'n oordeel oor die posisie van Hollands op skole te vel. Hierby moet nog gevoeg word dat die S.G.O. sir Langham Dale, nie onpartydig in die saak gestaan het nie.¹⁾

Voorts het die nadruk op Engels in die plaasskole dikwels vernietigend op die onderwys in die algemeen gewerk, aangesien dit die natuurlikste was dat die kinders hier in hul eie taal (die Hollandse) onderrig moes word. Die hoop dat hierdie toestand deur wetgewing verander sal word, is steeds verydel. Die reaksie teen die verengelsing van die onderwys en die verwaarlosing van die Hollandse taal het egter nie uitgebrei nie en het aanleiding gegee tot die stigting van heelwat nuwe sowel as openbare skole. Teen 1872 het daar heelwat van hierdie privaatskooltjies in die Kolonie bestaan waar Hollands onderrig is en wat nie ondersteuning van die regering ontvang het nie.

(b) Die inhoud van Hollands 1865 - 1879

Die Universiteitsraad het geen simpatie met Hollands gehad nie en het dit ook slegs as 'n opsionele vak of keusevak in sy eksamens ingesluit. Om hierdie rede het dit ook weinig aandag aan die uitbouing en ontwikkeling van Hollands gegee. Leerplanne is nie duidelik omskryf nie en daar is ook nie 'n aanduiding gegee van hoeveel werk vir 'n betrokke eksamen afgehandel en voorberei moes word nie. Die leerplanne het ook baie min verander en onderwysers moes merendeel maar self vasstel wat gedoen moes word.²⁾

Omdat die Hollandse taal op die agtergrond geskuif was, / 19.

1) Vos: Histories-kritiese studie van die leerplan en die leerboek, 138.
2) Ibid., 142.

was, het daar op hierdie stadium ook nog min gegewens omtrent die leerplan bestaan. Wat betref die medium van onderrig is daar bepaal dat dit in alle eerste- en tweedeklas-skole Engels sal wees. In skole van die derdeklas is 'n bietjie meer vryheid veroorloof en moes Engels na twaalf maande as medium van onderrig gebruik word.¹⁾

(i) Taalstudie

Grammatika het nog steeds 'n belangrike deel van die leerplan uitgemaak en alle beskikbare taalboekies het hierdie feit beklemtoon.

Die werklike wat gedurende hierdie periode die hele leerplan gedomineer het, was die gewilde „Hollandsch Spraakkunst voor Zuid-Afrika“, van Stucki.²⁾ In die leerplan is die bestudering van rededele en geslag ingesluit. Baie aandag is aan die moeilike vervoeging van die werkwoord, die trappe van vergelyking en die verbuiging van die selfstandige naamwoord gegee.³⁾ Hierbenewens is sinsontleding ook ingesluit.

(ii) Vertalings

'n Ander belangrike aspek van die leerplan wat baie aandag vereis het, was vertalingsoefeninge. Gegewe gedeeltes is van Hollands in Engels en weer van Engels in Hollands vertaal. Dikwels was hierdie vertalings baie moeilik. Dit was byvoorbeeld een van die gebreke van die werklike van Stucki, naamlik dat dit geen vertalingsoefeninge ingesluit het nie, en te meer was dit 'n nadeel omdat vertaling 'n belangrike deel van die eksamen uitgemaak het.⁴⁾

Die / 20.

-
- 1) Special Reports on the Systems of Educ. in Cape Colony and Natal, 40.
2) Dit is 'n duidelike bewys dat die heer Stucki 'n ervare onderwyser was.
3) Stucki: Hollandsch Spraakkunst voor Zuid-Afrika, 12-60.
4) Vos: A.W., 147.

Die Hollandse vraestel van 1865 het byvoorbeeld 'n vertaling van Hollands in Engels ingesluit en dan is verder nog die volgende taalvrae daarop gestel:¹⁾

1. „Why is „genoten" spelt with one „o"?"
2. „Quote the rule for spelling „versameld" as a particle with a final „d", not „t" though at the end of a word both are sounded alike."
3. „How do the verbs „rijzen" and „reizen" differ in sense?" ens.

In die eksamen van 1867 is net vertalings en geen taalkunde gevra nie. Die standaard van Hollands was ook op 'n baie lae peil sodat die eksaminatore moes kla: „The papers both in Dutch and French were on the whole done unsatisfactorily."²⁾

Die derdeklassertifikaateksamen het nege jaar lank as algemene leidraad vir die leerplan van Hollands gedien en 1873 het die matrikulasie-eksamen van die Kaap die Goeie Hoop dit vervang. Ook in hierdie vraestelle het vertalings die dominerende deel uitgemaak.

(iii) Leesonderrig

Dat daar baie gebreke op hierdie terrein was, bewys die rapport van Ely in 1876. Hy meen dat dit 'n fout is om vir leerlinge in die laer klasse niks anders as spellesse te gee nie, tensy die kinders ook geleer word om te lees. So het hy kinders teengekom wat lang woorde soos „geregtigheid" kon spel en dan nie in staat was om 'n eenvoudige sinnetjie soos „Ik heb God lief", te lees nie.³⁾

(iv) / 21.

1) Rep. of the B.P.E. 1865, Exam. papers, 10 - 11.

2) Ibid., 1866, 7.

3) Rep. of the S.G.E. 1876, Annexure (Special Rep. of the State of Educ. in the Midland districts) 1876, 47.

(iv) Spel en diktee

Uit bogenoemde kritiek van inspekteur Ely is dit duidelik dat spellesse en diktee dikwels oordryf is. Vir die doel is daar 'n spel- en leesboekie gebruik. Onderwysers het dikwels nie daarin geslaag om die spel- en leesles te koördineer nie. Leesboeke was dikwels ook bo die vuurmaakplek van leerlinge en hulle is nie geleer om die gelese gedeeltes te interpreteer en te verstaan nie.¹⁾

(v) Stelwerk

Aan die stelwerk is tot en met die jaar 1877 nie veel aandag gegee nie wat 'n groot gebrek in die leerplan van Hollands was. Eers in 1877 word geleentheid aan kandidate gegee om hulself uit te druk. Baie stadig het die idee begin posvat dat 'n leerling sy taalkennis die beste vertoon wanneer hy opstelle oor onderwerpe skrywe waarvan die materiaal binne sy ervaringswêreld geleë is en waarin hy belang stel. Onderwerpe het nog 'n omvattende kennis van Geskiedenis van die leerling vereis. Die opstel was in 'n groot mate reproduksie van geleerde stof. Kyk byvoorbeeld na die volgende onderwerpe wat in 1880 gevra is :

(a) „The fight of the Horatii and Curiatii.”

(b) „The battle of Waterloo”.

(c) „The disaster of Isandlwana.”, ens.²⁾

Eindelik is die opstel in die leerplan ingesluit, maar van skeppingswerk was daar nog geen sprake nie. Aan briewe en aan mondelinge werk is nie veel aandag bestee nie.³⁾ Prof. Van der Tuuk sê ook in 'n artikel in „Het Z.A. Tijdschrift” dat die kind eers geleer moet word om te praat./ 22.

1) „Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift”, Des. 1883.

2) Calendar of University, 1881, 22.

3) Vos: A.W., 192.

praat. Die leerling moet geleer word om sy gedagtes suiwer en natuurlik uit te druk en hiervan het nie veel tereg gekom in die leerplan van Hollands vir hierdie jare nie.¹⁾

(c) Die metode van onderrig van Hollands 1865 - 1879

Wat die metode in die algemeen betref, was daar weinig vordering te bespeur. Die feit dat van die 21 kan-didate wat in 1866 geëksamineer is, slegs 11 geslaag het, kan ook grootliks aan die swak onderrigmetodes toegeskryf word.²⁾

(i) Die metode by taalonderrig toegepas

Daar was nog steeds die groot hoeveelheid memori-seerwerk en die moeilike werk wat 'n struikelblok gevorm het. Veral het die here M.J. Stucki en H. Elffers die metodes voorgeskryf wat by die behandeling van hul boeke gebruik moes word.

Daar is nie minder nie as 56 reëls by die geslag alleen wat van buite geleer moes word.³⁾ So is die werk-woord asook die ander rededele breedvoerig behandel. Vir elke rededeel word eers 'n definisie gegee wat van buite ge-leer moes word. Dan word sinnetjies gegee waar die onder-skeie rededele of die selfstandige naamwoord benoem moes word.⁴⁾

(ii) Vertalings het nog steeds 'n integrerende deel van die leerplan uitgemaak. Die metode ten opsigte van ver-taalwerk kan moeilik beter getipeer word as wat Elffers dit doen in sy werkie „Practical Dutch Grammar" waar hy oor die metode ten opsigte van vertaling berig :

„Regarding / 23.

1) „Het Z.A. Tijdschrift", Des. 1883 (Hoe moet het Hollands geleerd worden).

2) Rep. of the B.P.E. 1866, 7.

3) Elffers: Practische Hollandsche Spraakkunst, 32.

4) Ibid.

„Regarding the translation exercises, I must remark that they are intended not only to be translated but also (after they have been corrected by the teacher) to be committed to memory.“¹⁾

Die groot nadeel van hierdie metode is dat dit geensins die kind se vermoë toets om die taal te gebruik nie, maar dit doen alleen 'n beroep op hom om dit sonder meer te memoriseer, wat weinig of geen opvoedkundige waarde besit. Kyk na die volgende aanhaling: „Deep scars of thunder had intrenched, and care sat on his faded cheek, but under brows of dauntless courage, and considerate pride waiting revenge, etc.“²⁾

(iii) Die metode ten opsigte van spelling

Nog steeds word die klag gehoor dat spelling oordryf word en dat die woorde wat gevra is nie uit die spelles of uit die eenvoudige alledaagse taal geneem is nie, en dat dit ook veels te moeilik vir die leerlinge was.³⁾

Samevattend kan oor die metode van onderrig opgemerk word dat die stof wat met die leerlinge behandel is, oor die algemeen te moeilik was. Leerlinge het dikwels nie begryp en verstaan wat met hulle behandel is nie en dan is nog boonop verwag dat hulle hierdie gegewens moes memoriseer.

2. DIE STAND VAN ENGELS IN DIE SKOLE

Inleiding

Aan Engels is meer aandag as aan Hollands gegee en die vordering wat Engels gemaak het, is noukeurig dopgehou.

„I (Insp. Ely) have generally found that on leaving school
they (the / 24.

1) Elffers: Practische Hollandsche Spraakkunst, Voorwoord.
2) Calendar of University, 1875, 78 - 80.
3) Rep. of the S.G.E., 1876, Annexure, 47.

they (the pupils) are able to converse with tolerable ease in English, can read with tolerable fluency such a book as the fourth „Irish National Series“, do easy parsing and dictation from some book“¹⁾

(a) Die inhoud van Engels

Wat die inhoud van Engels betref, was daar nie alleen baie oorvleueling nie, maar daar is ook 'n te vroeë begin gemaak met die onderrig van die klassieke vakke: „It is a quite common thing to find a boy studying the higher subjects who cannot spell the simplest words, much less write a grammatical letter No progress is possible with average children under such a severe, or forcing or unreal system.“²⁾

(b) Die metode van die onderrig van Engels

Daar is veral aandag aan taalwerk gegee en dit het met 'n groot hoeveelheid memoriseerwerk gepaard gegaan. Aan die ander kant is 'n belangrike aspek nl. stelonderrig uit die oog verloor: „Grammar was called English - a little of honour, while composition was lumped ingloriously with handwriting and dictation.“³⁾

Leerlinge is geleer om vlot te lees, maar dikwels het hulle nie begryp wat hulle lees nie: „without any effort on the part of the teacher to make the children understand what they have been reading.“⁴⁾

Die hele onderwysstelsel kan mooi saamgevat word met die woorde : „a top heavy and unreal system“.

D. / 25.

1) Rep. of the S.G.E., 1876, 362 (Verslag van inspekteur Ely).

2) Cape of Good Hope, Preliminary Rep. on the state of Educ. in the Colony by Donald Ross, 1883, 24.

3) Fourie: Syllabus and textbooks, 91.

4) Cape of Good Hope, Rep. of the S.G.E., 1876, 45.

D. KRITIESE SAMEVATTING

1. DIE ONDERWYSBELEID VAN 1806 TOT 1879

Van 1806 tot 1820 is 'n gematigde beleid deur goewerneur Cradock gevolg. Na 1820 het Somerset sy drastiese verengelsingsbeleid konsekwent toegepas. Reeds in 1839 is besef dat die Somersetskole tot mislukking gedoem was. 'n Onderzoek is gelas en in Mei 1839 verskyn die geringsmemorandum waarin o.a. aangegee word watter vakke onderrig moes word. Dit het egter spoedig geblyk dat hierdie Herschel-stelsel van onderwys ook net 'n voortsetting was van die Engelse vryskole van Somerset en dat die bietjie vertaal oefeninge in Hollands geensins die bevredigende uitwerking gehad het as wat aanvanklik gemeen is nie. Prof. Changuion e.a. wys in 'n toenemende mate op die veronregting van Hollands.

Die posisie het teen 1865 nog verder versleg wat Hollands betref. In die „Cape Argus" verskyn in 1857 'n artikel wat daarop wys dat Hollands geen status besit nie en 'n baie onaantreklike taal is.¹⁾ Die Watermeyer-Onderwyskommissie is in 1861 benoem om die toestand te ondersoek en in 1865 is die aanbevelings van hierdie kommissie in die Onderwyswet opgeneem.

Die toenemende mate van ontevredenheid het aanleiding gegee tot die benoeming van die Onderwyskommissie van 1879. Veral het die Hollandssprekende koloniste vir beter voorsiening begin agiteer wat hul moedertaal betref.

2. / 26.

1) Cape Argus, 19 Sept. 1857.

2. DIE LEERPLANNE VAN HOLLANDS EN ENGELS VAN 1806 TOT 1879

Seker die belangrikste aspek wat hier genoem behoort te word, is die feit dat universiteitsowerhede die eksamens opgestel het. Hierdie eksaminerende liggaam was nie vertrouwd met die mentaliteit en verstandsvermoë van die kind wat hulle geëksamineer het nie.

Die leerplanne, veral vir Hollands, is nie duidelik omskryf nie. Die werk wat wel gedoen is, was heeltemal te moeilik vir die leerlinge. Gesell sê uitdruklik in sy werk, „The child from five to ten”, dat „the ordinary six year-old mind is not ready for purely formal instruction in reading and writing.”¹⁾ Daar is dus nie rekening gehou met die fisiese groeiproses van die kind nie.

'n Kenmerk van die leerplan was uiterlike vertoon. Daar is byvoorbeeld aandag gegee aan die onderrig van Latyn en Grieks terwyl die leerlinge nog besig was met eenletter-grepige woorde in Hollands, wat die moedertaal van baie van die leerlinge was. Donald Ross het later in sy rapport van 1883 hierdie stelsel baie goed gekarakteriseer: „It is really the case that the Dutch speaking farmers desire a miserable smattering of Latin and Greek declensions and of impossible science for the boys, so long as they are unable to write an effective letter in Dutch or English or to work accounts as a business man requires.”²⁾

Die leerplanne van sowel Hollands as Engels is oorlaai met taalwerk, vertalingsoefeninge, formele leeslesse en diktee terwyl geen of min aandag gegee is aan spraakonderrig, voordrag,/ 27.

1) Gesell, A. & Ilg F.L.: The child from five to ten, 72.

2) Cape of Good Hope, Preliminary Rep. on the state of Educ. in the Colony by Donald Ross, 1883, 26 - 27.

voordrag, dramatisering en stelwerk.

3. DIE METODES VAN ONDERRIG VAN HOLLANDS EN ENGELS
VAN 1806 TOT 1879

Die metodes van onderrig wat in beide die tale Hollands en Engels toegepas is, kan tereg die metode van memorisering genoem word. Die metodes wat gedurende hierdie periode toegepas is, het die kind as 'n passiewe wese gesien wat net moes memoriseer. Hierteen kan die grootste beswaar ingebring word soos Isaacs dit tewens ook baie duidelik stel: „Children are not to be looked upon as creatures of mere habit and memory, but as being able to argue and draw conclusions, if we make the appropriate opportunity for them.”¹⁾ Hierdie geleentheid tot selfstandige ontwikkeling het die metodes wat toegepas is nie gebied nie.

Voorts is daar geensins aandag aan die doeltreffende aaneenskakeling van die leerplan gegee nie. Die metode om van makliker na moeiliker werk te gaan was iets onbekends. Leerlinge is ook nie gehelp om moeiliker taalwerk te memoriseer deur middel van effektiewe herhalingsoefeninge nie. Van selfwerkzaamheid was daar geen sprake nie en die vrugteloosheid hiervan blyk uit die volgende aanhaling: „De mens denkt slechts als hij voor een raadsel komt te staan of geplaatst wordt. Zonder scheppende selfwerkzaamheid kan geen echt leren bestaan.”²⁾

4. DIE MEDIUM VAN ONDERRIG VAN 1806 TOT 1879

Reeds met die bewindsaanvaarding van sir John Cradock het hy in 1811 'n proklamasie uitgevaardig dat as 'n persoon in Engels kon les gee, hy 100 riksdaalders per jaar meer sou / 28.

1) Isaacs, S.: The children we teach, 167.

2) Rombouts, F.: Pedagogische Psychology, 141.

meer sou ontvang. Verder bepaal hy dat: „no one should be appointed to any office unless he was conversant with that language (d.w.s. Engels) and this regulation had been followed ever since.”¹⁾

Somerset het 'n stelsel van algehele verengelsing gepropageer met Engels as die enigste medium nie alleen in sy vryskole nie, maar ook in die staat en in die geregs-howe.²⁾

Gedurende die bewind van Rose-Innes is nog subsidies uitbetaal aan persone wat Engels kon onderrig. So is in 1841 bepaal „that the English language shall be an essential subject of instruction in every school thus aided, and as soon as practicable shall be used as the colloquial language of the school.”³⁾ Engels het dus al hoe meer die voertaal geword, behalwe in privaatskole wat deur die boere self opgerig en in stand gehou is.

Rose-Innes se eis dat Engels as voertaal gebruik moes word, was egter nie onverbiddelik nie. Hy het veral nie daarop aangedring dat 'n kind wat slegs vir 'n kort periode op skool bly deur medium van Engels onderrig moes word nie.⁴⁾ Rose-Innes het die waarde van moedertaalonderwys besef lank voordat sy tydgenote dit gedoen het.

In die Onderwyswet van 1865 is die voertaal soos volg vasgelê: „The instruction during the ordinary school hours shall be given through the medium of the English language.” In derdeklas-skole sou dit wees Engelsmedium so ver moontlik binne twaalf maande na die oprigting van die skool.⁵⁾

Hierdie / 29.

-
- 1) Theal, G.M.: History of S.A., since 1795, Vol.I, 376.
 - 2) Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents, 23.
 - 3) Rep. of the S.G.E., Junie 1841.
 - 4) Mc. Kerron: A History of Educ. in S.A., 121.
 - 5) Act No. 13 of 1865, 219.

Hierdie bepaling ten opsigte van die medium
het tot in 1879 voortgeduur toe 'n volgende kommissie van
ondersoek benoem is om op dié aspek in te gaan weens die
groeiende ontevredenheid ten opsigte van die medium.

HOOFSTUK II. /
30.